
Voorwoord

Met die dood vanjaar van prof. Ladislav Zgusta het *Lexikos* een van sy mees vooraanstaande Adviesraadslede verloor. Sy *Manual of Lexicography* wat in 1971 verskyn het, was moontlik en is steeds een van die mees aangehaalde en vermelde publikasies in leksikografiese besprekings. Vir hom was woorde en woordeboeke belangrik, maar selfs belangriker was die mense agter die woorde en woordeboeke. Hy het 'n besondere belangstelling in die Suid-Afrikaanse leksikografie gehad. Gedurende April 1989 het hy die Universiteit van Stellenbosch besoek waar hy lesings gegee en ook aan 'n leksikografiese werksessie deelgeneem het. Daarna was daar voortdurende kontak omdat hy ingelig wou bly oor leksikografiese ontwikkelinge in Suid-Afrika. Die verlies van sy kundigheid sal 'n groot leemte laat.

Vanjaar het prof. Arthur Delbridge ook die wens uitgespeek om as lid van die Adviesraad van *Lexikos* uit te tree. Onder leksikograue is prof. Delbridge veral bekend vir sy oprigting en voltooiing van die woordeboek van Australiese Engels, die *Macquarie Dictionary*. Na die bekendstelling van die derde uitgawe van die woordeboek in 1997, het hy uitgetree as Hoofredakteur, 'n pos wat hy vir byna 28 jaar beklee het. Sedert 1997 was prof. Delbridge 'n lid van die Adviesraad van *Lexikos*. *Lexikos* wil hom bedank vir die tien jaar wat hy deel was van die Adviesraad.

Prof. Fredric Dolezal van die V.S.A. en dr. Jan Tent van Australië het die uitnodiging aanvaar om lede van die Adviesraad te word. Prof. Arleta Adamska-Salaciak van Pole het ingestem om Oos-Europa op die Adviesraad te verteenwoordig. *Lexikos* wil hierdie nuwe lede verwelkom en die wens uitspreek dat hulle 'n lang en vrugbare verbintenis met *Lexikos* sal hê.

In hierdie nommer word 'n nuwe afdeling "Leksikofokus" aangebied. Vanjaar is die fokus op die African Languages Research Institute (ALRI) in Harare, Zimbabwe. Hierdie Instituut het veral bekend geword vir sy leksikografiese werk soos blyk uit die verskeie woordeboeke wat alreeds deur sy navorsers gepubliseer is. In tien bydraes wat strek van langer artikels tot korter notas, gee die skrywers, meestal verbonde aan of geskakel met ALRI, nie net 'n oorsig van die aktiwiteite van ALRI, sy bevordering van die inheemste tale, sy rol in taalbeplanning, sy invloed in die onderwys en die trefkrag van sy publikasies op taalgebruik nie, maar bespreek ook sekere aspekte van of probleme betreffende sy gepubliseerde en beplande algemene woordeboeke soos etimologiese inligting, diglossiese beginsels, ideologiese kwessies, vaste uitdrukkings en mediostrukturele gebreke.

Behalwe hierdie bykomende afdeling, bevat hierdie nommer van *Lexikos* ook die afdelings wat gewoonlik deel vorm van sy inhoud, wat tot gevolg gehad het dat dit 'n uitgebreide en omvattende spesiale nommer geword het.

Voorwoord

Die redakteur wil al die bydraers en keurders bedank dat hulle hierdie nommer van *Lexikos* moontlik gemaak het. Beide bydraers en keurders het 'n belangrike aandeel aan die handhawing van die gehalte van *Lexikos*.

'n Spesiale woord van dank moet weer, soos in die verlede, aan me. Riette Ruthven gaan wat met haar bedreve en professionele setwerk verantwoordelik was vir die aantreklike, maklik leesbare artikels en oorsigtelike tabelle. Me. Tanja Hartevedt moet ook bedank word vir die oplossing van verskeie rekenaarmoeilikhede.

J.C.M.D. du Plessis
Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal

Foreword

With the death this year of Prof. Ladislav Zgusta, *Lexikos* has lost one of its most distinguished Advisory Board members. His *Manual of Lexicography*, which appeared 1971, has probably been and still is one of the most quoted and referred to publications in lexicographical discussions. For him, words and dictionaries were important, but even more important were the people behind the words and dictionaries. He had a particular interest in South African lexicography. During April 1989, he visited the University of Stellenbosch where he lectured and also took part in a lexicographical workshop. After that there was continued contact for he wanted to remain informed about lexicographical developments in South Africa. The loss of his expertise will leave a big void.

This year Prof. Arthur Delbridge also expressed the wish to step down as a member of the Advisory Board of *Lexikos*. Among lexicographers Prof. Delbridge is noted particularly for his founding and completion of the dictionary of Australian English, the *Macquarie Dictionary*. After the launch of the third edition of the dictionary in 1997 he retired as Editor-in-Chief, a position he had filled for almost 28 years. Since 1997 Prof. Delbridge has been a member of the Advisory Board of *Lexikos*. *Lexikos* wants to thank him for the ten years he has been part of the Advisory Board.

Prof. Fredric Dolezal of the U.S.A. and Dr Jan Tent of Australia have accepted the invitation to become members of the Advisory Board. Prof Arleta Adamska-Sałaciak from Poland has agreed to represent Eastern Europe on the Advisory Board. *Lexikos* wants to welcome these new members and to express the wish that they will have a long and fruitful association with *Lexikos*.

In this issue, a new section "Lexicofocus" is presented. This year the focus is on the African Languages Research Institute (ALRI) in Harare, Zimbabwe. This Institute has become known especially for its lexicographical work as shown by the several dictionaries already published by its researchers. In ten contributions, ranging from longer articles to shorter notes, the writers, mostly attached to or associated with ALRI, not only give an overview of the activities of ALRI, its promotion of indigenous languages, its role in language planning, its influence in education and the impact of its publications on language use, but also discuss certain aspects of and problems regarding its published and planned general dictionaries such as etymological information, diglossic principles, ideological issues, fixed expressions and mediostructural deficiencies.

Apart from this additional section, *Lexikos* also presents the sections which usually form part of its contents, which resulted in it becoming an extensive and comprehensive special issue. The editor wants to thank all the contributors and referees for making this issue of *Lexikos* possible. Both contributors and

Foreword

referees have an important part in maintaining the quality and standard of *Lexikos*.

A special word of thanks must again, as in the past, go to Ms Riette Ruthven who, with her competent and professional typesetting, was responsible for the attractive, easily readable articles and conveniently arranged tables. Ms Tanja Harteveld must also be thanked for clearing up several computational difficulties.

J.C.M.D. du Plessis
Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal